


Graan SA Oggend Graanmark Kommentaar

Wessel Lemmer, Wandile Sihlobo Luzelle Botha

	DATUM 2015/02/27	DATUM 2015/02/26		+ - WEEK GELEDE 2015/02/17		+ - MAAND GELEDE 2015/01/27		+ - JAAR GELEDE 2014/02/25		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
DJIA-indeks	18204	-10.42	-0.1%	18214	1%	18048	5%	17387	13%	16180
Goud (Spot)	1210.15	1.21	0.1%	1208.94	0%	1208.55	-6%	1291.48	-10%	1341.08
Brent \$/vat	60.86	-0.39	-0.6%	61.25	-2%	62.30	24%	49.03	-44%	109.32
1 €: ? US\$	1.1213	-0.016	-1.4%	1.1376	-2%	1.1409	-1%	1.1356	-18%	1.3739
1 US\$: ? ZAR	11.55	0.180	1.6%	11.37	-1%	11.67	0%	11.60	8%	10.72
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 722.65	29	1.7%	R 1 693.57	* CBOT Corn Mar sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Corn Mar 12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 358.94	123	2.9%	R 4 235.67	* CBOT Soya Mar sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Soya Mar 12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 130.69	47	2.2%	R 2 083.90	* CBOT Wheat Mar sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Wheat Mar 12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Mar 15	379.00	0.50	0.1%	378.50	-3%	389.50	-1%	381.25	-21%	476.75
Corn Jul 15	395.75	1.00	0.3%	394.75	-2%	405.50	0%	397.00	-19%	487.00
Soybean Mar 15	1027.50	13.25	1.3%	1014.25	2%	1007.75	6%	973.75	-12%	1173.25
Soybean May 15	1029.75	12.50	1.2%	1017.25	2%	1011.75	5%	981.25	-12%	1174.50
Wheat Mar 15	502.25	3.25	0.7%	499.00	-6%	534.75	-3%	519.00	-23%	653.75
Jongste MTM-pryse (Aangeteken tussen 07:00 vm - 08:00 vm op die jongste twee datums) SPOT = naaste kontrakmaand										
SORGHUM Mar 15	2411	0	0.0%	2411	0%	2411	5%	2300	-31%	3480
WMAZ Mar 15	2513	89	3.7%	2424	-14%	2908	26%	1996	NA	NA
WMAZ Jul 15	2595	85	3.4%	2510	-12%	2936	29%	2005	24%	2096
YMAZ Mar 15	2381	79	3.4%	2302	-3%	2462		2009	NA	NA
YMAZ Jul 15	2376	68	2.9%	2308	-3%	2453	18%	2009	9%	2179
SOY50 Mar 15	5056	-29	-0.6%	5085	-3%	5224	-4%	5290	NA	NA
SOY May 15	4966	16	0.3%	4950	-1%	4995	3%	4815	-21%	6278
SUN Mar 15	5025	20	0.4%	5005	-2%	5102	4%	4820	NA	NA
SUN May 15	5005	55	1.1%	4950	-3%	5150	7%	4680	-3%	5149
WHEAT Mar 15	3762	13	0.3%	3749	-3%	3860	-4%	3904	NA	NA
WHEAT Sep 15	38582	34743	905.0%	3839	891%	3895	888%	3905	908%	3829

JONGSTE MARKINLIGTING 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Buitemarkfaktore: Die Rand het met 1.6% teenoor die vorige dag 12:00 verswak. Die Rand verhandel teen R11.55.

Eerste produksieskatting vir somergewasse - die impak op aanbod. Mielies: Die Nasionale Oeskattingstelsel het gister die eerste produksieskatting vir somergewasse soos op 26 Februarie bekend gemaak. Let daarop dat die skatting nie 'n scenario van opbrengste tot die einde van die produksieseisoen is nie. Indien die droogte voortduur in die weke wat volg kan die volgende skatting selfs laer wees wat 'n groter invoerbehoefte beteken. Die impak van die droogte lei daartoe dat 1,65 miljoen ton mielies in die 2015/16 (Mar - Feb) bemarkingsjaar ingevoer sal moet word. Ons invoerinfrastruktuur sal meer as 1,5 miljoen ton koringinvoere saam met 1,65 miljoen ton mielie-invoere moet hanteer. Die logistieke ergeis hiermee kan transaksiekoste verhoog en invoere selfs duurder maak en die beskikbaarheid van invoermielies tot die binnelandse behoefte beperk. Daar is dus nie mielies vir uitvoerdoeleindes buite na die BLNS-lande beskikbaar nie. Dus is daar min fundamentele redes waarom pryse voortaan na uitvoerpariteit moet neig. Die totale maandelikse behoefte aan mielies in die RSA/BLNS streek beloop net meer as 900 000 ton per maand. Dit beteken dat die oordragvoorraad van 3 miljoen ton (Einde Februarie 2015) teoreties 'n impak vir die volgende drie maande (Maart/April/Mei) op pryse kan hê. Dit kan prysvlakke beïnvloed en prysstygings beperk. Producentelewerings neem vanaf Mei-maand grootliks 'n aanvang en die tempo waarteen mielies teen goeie pryse geprys gaan word, kan prysvlakke ook bepaal. Die produsentelewerings tempo is seisoenaal die hoogste gedurende Junie, Julie en Augustus en pryse kan vanjaar tot 'n groot mate hierdeur bepaal word. Die mate waartoe mielies gedurende hierdie tydperk deur produsente in die mark geplaas word, kan prysvlakke bepaal. Indien mielies minder beskikbaar gaan wees, kan dit daartoe lei dat mieliepryse vir die grootste gedeelte van die bemarkingsjaar tot einde Februarie 2016 teen invoerpariteitsprysvlakke kan verhandel.

Sorghum en grondbone: Die laer sorghum opbrengs van 2.38 ton/ha kan lei tot 'n produksie van 179 000 ton. Produksie is 86 000 ton laer as die vorige jaar, maar die groter oordragvoorraad teen die einde van Februarie 2015 bring die aanbod meer in balans met die jaarlikse vraag. Grondbone se vraag en aanbod is om dieselfde rede in balans, gegewe dat uitvoere vanjaar 20 000 ton beloop in plaas van 10 000 ton.

Sonneblomsaad: Die produksie van sonneblomsaad is 258 000 ton (-31%) laer. Suid-Afrika het gedurende die 2014/15 bemarkingsjaar (Einde Feb 2015) nagenoeg 866 000 ton sonneblomsaad gepers. Invoere van 68 000 ton was nodig. Die tekort aan sonneblomsaad, indien verwerkers die perstempo van die vorige jaar moet ewenaar, reik na 300 000 ton. Producente behoort sonneblomsaadpryse te realiseer wat afgelei word van ingevoerde plantaardige olie en oliekoek.

Sojabone: Die produksie van sojabone ewenaar die produksie van die vorige jaar. Die rede hiervoor is dat produsente hul aanplantings onder sojabone met 23% uitgebrei het. Indien hierdie aanplantings dieselfde opbrengs as die vorige seisoen opgelewer het, sou Suid-Afrika se sojaboonproduksie verder vanaf 948 000 ton na 1 171 800 ton uitgebrei het - 'n toename van 223 800 ton of 24%. Ongelukkig het die droogte die produksieuitbreiding beperk. Die vraag na sojabone het nagenoeg 1 miljoen ton in 2014/15 beloop, wat invoere van meer as 110 000 ton vereis het. Indien vraag vanjaar dieselfde bly, beteken dit dat Suid-Afrika vanjaar meer as 110 000 ton sal moet invoer. Die behoefte na sojabone om ingevoerde oliekoek te vervang, beloop 1,5 miljoen ton. Bron: Graan SA

Let asb die volgende:

Let asb op die volgende verslae:

Graan SA se jongste vraag- en aanbod projeksies op <http://www.grainsa.co.za/pages/industry-reports/market-reports>

Vir meer inligting: Kontak Wessel Lemmer & Wandile Sihlobo.